Nuusbrief 190

25 June 2014

Beste lid,

2013 BEDRYFSTATISTIEKE

Die 2013 houtverduursamingsproduksiesyfers is afgehandel. Ons bedank alle betrokkenes (lede en nie-lede van SAWPA) wat dit moontlik gemaak het, bv. die aanlegte, sertifiseringspersoneel, ens. Vind asseblief meegaande afskrif van die statistieke vir u inligting. Alhoewel die data deur SAWPA saamgestel en beskikbaar gestel word, word dit in belang van alle belanghebbende partye in die bedryf gedoen.

WERKSWINKEL BEPLAN VIR HANGENDE KCA KLAGTE

SAWPA is deur die Registrateur van Wet 36 van 1947 ingelig dat 'n werkswinkel gehou sal word om die hangende klagte teen die oningeperkte registrasie en gebruik van KCA wat deur mnr Goodwin ingedien was, te bespreek. Die gebruik van KCA behandelde hout waar kinders direk in kontak daarmee blootgestel word, soos speelrame, sal veral aandag geniet. In 2012/13 is baie tyd en koste aan die saak bestee. Dit het gelei tot die positiewe verslag van INFOTOX en die gedetailleerde regsopinie deur ENSafrica. Daar is gehoop dat die Registrateur sy besluit sou maak aan die hand van die ingediende dokumente, en na afloop van geleentheid vir respons deur die klaer. Dit blyk egter nie die geval te wees nie. Die volgende skynbaar finale proses sal in die vorm van 'n openbare werkswinkel plaasvind waar die Registrateur na afloop daarvan sal besluit of KCA met of sonder enige beperkings gebruik mag word. Alle belanghebbende partye sal tydens die werkswinkel die geleentheid gegee word om hulle standpunt te stel en te verdedig. SAWPA het na afloop van konsultasie met KCA chemikaliëverskaffers, SAWPA Uitvoerende Komitee, INFOTOX en ENSafrica, die Registrateur op Dinsdag die 17de Junie verwittig van ons voorneme om die werkswinkel by te woon en dat ons afvaardiging sal bestaan uit verteenwoordigers van al die bogenoemde partye, insluitend 'n internasionale regulatoriese spesialis van LONZA wat al by soortgelyke gevalle betrokke was. Ons het die Registrateur verder versoek om ten minste 'n 4 tot 5 weke kennisgewingtydperk te gee ten einde toe te verseker dat al die partye beskikbaar sal wees, sowel as om ons vooraf in te lig wie die ander belanghebbende partye is wat die werkswinkel gaan bywoon. Ten tyde van hierdie nuusbrief het ons nog geen verdere terugvoer van die Registrateur ontvang nie en sal ons lede op hoogte hou sodra daar verdere verwikkelinge is.

SAWPA DEELNAME BY TOEKOMSTIGE UITSTALLINGS

Na afloop van ons deelname aan die derde WoodEX for Africa uitstalling gehou vanaf 5 tot 7 Junie 2014, is ons ook oorgehaal om deel te neem aan die volgende uitstallings wat later vanjaar aangebied word:

- Cape Construction Expo, 13-14 Augustus 2014 – CTICC, Kaapstad
- Interbuild Africa, 20-23 Augustus 2014 – Nasrec, Johannesburg
- Gauteng Farmers Conference & Expo, 2-3 Oktober 2014 – WNNR ICC, Pretoria

Meer inligting rakende bywoning en vooraf registrasie sal nader aan die tyd deurgegee word. Lede wat egter sou oorweeg om self as uitstallers deel te neem en meer inligting verlang, kan vir Sue kontak.

BBSEB –BELYNING VAN SEKTORKODES MET GEWYSIGDE GENERIESE KODES

Die gewysigde BBSEB kodes is reeds in Oktober 2013 deur die Minister van Handel goedgekeur en gepubliseer. Alle sektorkodes, insluitende die bosboukode, moet in ooreenstemming met die gewysigde kodes gebring word. Die aanvanklike datum waarteen die belyning van die kodes afgehandel en in werking moes wees, was 12 maande na die datum van publikasie, maar die datum is onlangs verleng met ‘n verdere 6 maande tot April 2015. Die belyning van die bosboukode is reeds sedert vroeg April 2014 aan die gang in die vorm van werkswinkelsessies. ‘n Sessie vir alle lede van die “Forest Charter Council” word vir die 1ste en 2de Julie 2014 beplan. Die bosboubedryfsektore, bv. die groeiers en verskeie primêre prosesseringsektore, is goed verteenwoordig in die raad en sal onderneem om die bedryf se belang en posisie voor te lê.

NUUSBROKKIES

- Lede moet onthou om die gratis veiligheidsetikette vir die aanwending op behandelde hout by Sue te bestel. Daar word aanbeveel dat ten minste 10% van alle behandelde hout geëtiketteer moet word voor besending
- Ons beplan ‘n nuwe promosie projek en waarin ons die lede van SAWPA direk wil bevorder. Klas 1 Lede word versoek om asseblief hulle maatskappy “logo” en/of handelsmerk elektronies vir Sue ons aan te stuur vir gebruik in die veldtog.
- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Mei was 64054.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.